



THE VOICE OF THE MARTYRS  
DIE STEM VAN DIE MARTELARE

# Nigerië

## Christus te midde van die Krisis

EENS SOOS JONA,  
NOU 'N PETRUS

GETUIG IN  
GEVANGENSKAP

September 2022



“Dink aan die gevangenes asof julle medegevangenes is.” Heb 13:3

# Moed

in die Stryd vir Nigerië



Ons is geseënd om in omstandighede te leef waarin ons op baie maniere beskerm word teen diegene wat ons kan benadeel. Ons het toegang tot veiligheidsmaatreëls wat polisiemagte op verskeie regeringsvlakke, veiligheidswagte, veiligheidsheininge, veiligheidsdeure en slotte, insluit, selfs ook die beskikbaarheid van wapens vir selfverdediging. Om gemeenskap te kan hê met ons Christenbroers en -susters in noordelike Nigerië, moet ons egter verstaan dat hulle voortdurend bedreiging van ontvoering en moord deur Islamitiese militante trotseer en geniet geen van die veiligheidsmaatreëls wat ons dikwels as vanselfsprekend aanvaar nie.

Ons Christenfamilie in noordelike Nigerië is heeltemal oortalig. Hulle regering kort beide die mag en die wil om hulself te verdedig. As dit nie die geval was nie, sou 'n bespreking oor hulle moed hul stryd om hul huise en kerke te verdedig, insluit. Maar hoe lyk moed wanneer daar geen manier is om familie en eiendom te verdedig nie?

Om in 'n uiters gevaarlike en gewelddadige omgewing te bly – heeltemal weerloos in hierdie wêreld – het ons Christenbroers en -susters bevry om te fokus op die enkelvoudige strewe na ewige doelwitte. Danksy hulle spesiale moed en onverklaarbare (en daarom ware bonatuurlike) oorwinning oor vrees, is hulle vir ons 'n kragtige voorbeeld van geloof. Hulle het hierdie vryheid verkry deur te sterf in die begeertes van hierdie wêreld. Hulle is, soos die apostel Paulus homself beskryf, vir die wêreld gekruisig (Galasiërs 6:14). Hierdie frase volg na Paulus se verduideliking in Hoofstuk 5: *“En die wat aan Christus behoort, het die vlees met sy hartstogte en begeerlikhede gekruisig”*.

Wanneer ons in die versoeking kom om te styf vas te klou aan gemak, veiligheid en sekuriteit in hierdie gevalle wêreld, moet ons onthou dat ons slegs waarlik vry kan wees wanneer ons begeertes in die ewigheid geanker is. Andersins is ons onderhewig aan intimidasie en vrees, wat lei tot die teenoorgestelde van moed - lafhartigheid. Die vyand begeer om lafhartigheid aan te hits en te gebruik om ons getroue getuies vir Christus stil te maak.

Ek bid dat die Heilige Gees die stories in hierdie nuusbrief sal gebruik om enige greep van vrees in u lewe te verslaan. Ons kan soos Emmanuel (in ons tweede storie) wees, wat op 'n radikale leier se dreigemente gereageer het deur te sê: *“Ek het myself aan God oorgegee en ek is gereed om te sterf.”* Wanneer die gevegte van hierdie wêreld onoorwinbaar is, kan ons met vreugde enige prys betaal om die ewige stryd te stry. Soos ons broer Elijah (op die volgende bladsy), kan ons sê: *“Ons het besluit dat dit beter is om in die stryd vir God te sterf as om te sterf as 'n lafaard.”*

# Bedien *Met Vreugde* in Vyandige Gebied

**A**s sendelinge hulle eie opdragte kon kies, sou een van die laaste plekke waarheen enigiemand waarskynlik wou gaan, die stad Gashua, in Yobe-staat, Nigerië, wees. Temperature draai rondom 120 grade, swerm muskiete hang in die lug rond, drinkwater is besmet met verskeie siektes en poeieragtige stof veroorsaak kroniese oog- en lugweginfeksies. Asof dit nie genoeg is nie, word Yobe-staat deur voortdurende geweld van plaaslike Islamitiese groepe, geteister.

“As ek my eie wens gevolg het, sou ek nie na Gashua gegaan het nie,” het pastor Elijah Ogunyi gesê. Soos Jona, het Elijah aanvanklik God se roeping teengestaan, maar God het hom sedert sy kinderjare na ’n bepaalde werk gelei. “God moes my vlerke knip,” het Elijah gesê. “Dit is hoe ek ’n pastor geword het.”

## Toekomstige Toordokter

Alhoewel hy in lyn is om sy oupa se priesterlike pligte te erf, het Elijah as kind sy skouer beseer en dit verhoed hom om die swaar klipgode op te tel. Van toe af was sy halfbroer aangewys vir die rituele offers aan die familiegode. Elijah is nou dankbaar vir sy skouerbeseering wat die rede was dat hy die dorp kon verlaat en op so manier poligame huwelike en afgodery kon vermy.

Na sy mondigwording het Elijah die dorpie verlaat en deur Nigerië gereis en sy opleiding as elektrisiën gebruik om homself te onderhou. Hy is in die vroeë 1990's getroud en het in die sentrale Nigeriese stad, Jos, gaan woon.

In 1995 het hy begin droom van ’n skrikwekkende, donker figuur. Die drome was so intens dat hy bang was om te gaan slaap. Toe, in een van sy drome, het hy ’n Bybel ontvang wat hy gebruik het om

die donker figuur mee dood te maak en hy het nooit weer enige drome van die skrikwekkende figuur gekry nie. “Dit was toe dat ek ontdek het dat ek veronderstel was om my lewenswyse te verander en my lewe totaal en al aan Christus oor te gee,” het Elijah gesê.

Nadat hy ’n kerk gevind het, het Elijah begin om as gebedsgroepleier te dien wanneer hy nie met sy familie of sy werk as elektrisiën besig was nie. In 2006 het hy vir ’n paar dae aaneen kerklike byeenkomste gemis omdat hy herhaaldelik, en sonder sukses, probeer het om ’n foutiewe pomp vir ’n kliënt te herstel. Toe Elijah uiteindelik oor die saak begin bid, het die Heilige Gees hom oortuig dat hy te besorg was om geld te verdien in plaas daarvan om God te vertrou om vir hom te sorg. Toe Elijah daarna die pomp herstel het, het dit aanhou werk. “Van toe af het ek geglo dat





▲ Elijah en Felicia het onder gesondheidsprobleme gely wat veroorsaak word deur die moeilike omgewing waarin hulle bedien.

wat ook al God wou hê ek moet doen, ek dit sal doen,” het hy gesê.

‘n Wyle later het hy God se roeping aangevoel om kweekskool toe te gaan. “Ek het vir myself gesê: ‘Ek het vyf kinders; hoe gaan ek dit regkry?’” onthou Elijah. “So ek het dit net geïgnoreer.”

Daardie selfde jaar is hy ‘n winsgewende elektriese kontrak aangebied. Elke keer wat die ontwikkelaar hom probeer kontak het, het die oproepe nie deurgegaan nie en Elijah het die werk verloor. “Ek was so kwaad,” het hy gesê. “Ek het in my kamer ingegaan om te bid. Ek het vir God gevra: ‘Hoekom?’ Hy het gesê: ‘Die deur van seën sal nie langer vir jou oopgaan nie.’” Dit was God se roeping na die kweekskool vir hom.

Toe Elijah sy kweekskoolopleiding in Mei 2014 voltooi het, het hy vanselfsprekend aanvaar om die bediening by sy kerk voort te sit. God het egter weer ander planne gehad.

### Gestuur Na Gevaar

God het Elijah reguit in die hart van

Boko Haram-gebied ingestuur, ‘n deel van noordelike Nigerië waar die militante Islamitiese groep sowat 15 jaar lank verwoesting gesaai het. In die tyd wat Elijah daar bedien het, het Boko Haram, wat trou belooft het aan die selfgeproklameerde Islamitiese Staat (ISIS), byna daaglikse aanvalle op Christene en regeringsentiteite uitgevoer.

Die Here het vir Elijah na ‘n dorp gelei, genaamd Gashua, in die Sahara-woestyn naby die grens met Niger. Dit was 250 myl weg van sy gesin se huis in Jos en die rowwe motorrit, met slaggate en gevaarlike paaie, het hom bykans ses ure beide rigtings geneem.

Elijah en sy vrou, Felicia, het in 2017 saam met hul 11-jarige seun na Gashua verhuis en hul ander kinders by volwasse broers en susters in Jos agtergelaat sodat hulle hul studies kon voortsit. “Toe ek my kinders vertel dat ons moet verhuis, was dit vir hulle ‘n groot uitdaging,” het Elijah tranerig gesê. “Twee dae voor ons vertrek het my tweede dogter gevra: ‘Pappa, gaan jy ons verlaat?’ Ek het geantwoord: ‘Ja, ons moet weggaan ... As God wil hê ek moet weggaan, dan sal ek.’”

Die Ogunyi-gesin het by ‘n kerk bedien wat jare vroeër gestig is en eens op ‘n

tyd 100 lidmate gehad het. Met Elijah se aankoms, was daar egter slegs vyf mans, drie vroue en vyf jongmense in die kerk. Die ander lidmate is deur ‘n grootskaalse Boko Haram-aanval in 2011 en voortslepende geweld in Yobe-staat, afgeskrik. “Nadat die kerk aangeval is, het die mense die plek toegesluit en weggehardloop,” het Elijah gesê.

Elijah het besluit om op sy bediening op jongmense te fokus wat weens die uiterste armoede in die streek in gevaar verkeer en deur plaaslike Islamiete vir werwing geteiken word. Christelike jeug in Gashua is so arm dat baie sukkel om kos en water te bekostig. Elijah het gesê seuns word met geskenke gelok en Christenmeisies word gereeld ontvoer, bedwelm en gedwing om met Moslemmans te trou. “In plaas daarvan dat ons hulle wen, wen hulle ons kinders,” het hy gesê.

Die gebied is 99 persent Moslem en baie mense is vyandig gesind teenoor Christene. Markverkopery vra Felicia dikwels skaamteloos dubbel die prys wat hulle ander vra. Die *almajiri*, Moslemkinders wat moskees help onderhou deur te bedel en die geld dan aan die moskee te gee vir onderwys, het



Elijah en sy gesin gedurig met klippe gegooi en hulle ongelowiges genoem, maar Elijah het geleer om 'n pakkie koekies saam met hom te neem en aan die honger kinders te gee. Gedurende die Moslems se vastyd, gee hy vir hulle water en hy het klein geskenkies gebring aan diegene by sy buurtmoskee. Nou kyk die kinders uit vir Elijah en bewaak sy huis as hy weg is. "Hulle het begin lief raak vir ons," het Elijah gesê.

Daar is al twee keer by Elijah se kerk ingebreek. Na die tweede voorval het die plaaslike Moslemleier die oortreders getugtig en vir Elijah belowe dat dit nie weer sou gebeur nie. "Ek het almal vergewe wat my vervolgt," het Elijah gesê, "want God leer ons om te vergewe. As ek hulle sien, sal ek die Evangelie met hulle deel."

### **Voortdurende Bedreigings**

Alhoewel Elijah vriendskappe met baie van die Moslemleier gebou het, leef hy met die konstante teenwoordige bedreiging van 'n Boko Haram-aanval. 'n Buurdorp, 12 myl weg het herhaalde aanvalle deur die Islamiete trotseer, maar tot dusver het God Elijah en sy gesin van gevaar beskerm. "Wanneer ons hoor dat Boko Haram kom, hardloop ons," het

Elijah gelag. Maar benewens sy goeie humor bly die gevaar 'n werklikheid. "Ons is bang ... want ons weet hulle sal pastors eerste soek," het hy gesê. "Vervolging is deel van die Christelike lewe. As ons predikante werklik deur God geroep is, moet ons vervolging te wagte wees."

Terwyl Elijah ten volle verwag om te ly onder vervolging, kom sy familie se grootste uitdaging van Gashua se natuurlike omgewing. Hulle sukkel met malaria, buiktifus en nierprobleme as gevolg van die swak toestand van die water. Beide Elijah en Felicia het chroniese oogprobleme wat deur die deurdringende stof veroorsaak word. As gevolg van die woestynhitte en onbetroubaarheid van elektrisiteit is dit ook moeilik om medikasie by die vereiste temperature te hou.

"Ek het nog nooit 'n plek gesien wat soveel muskiete het soos Gashua nie," het Elijah gesê. "Hulle maak jou huis vol ... wanneer jy die vensters oopmaak. Wanneer jy insekdoder spuit, vrek hulle en bedek die vloer soos miere, maar na drie ure is hulle weer terug. Voordat jy nog behandeling kan kry vir malaria, byt nog 'n muskiet jou. Dit maak dit moeilik om gesond te bly. Maar ons dank God dat ons tot vandag toe nog leef."

▲ Daaglikse take soos kruideniersware-inkopies kan beswarend wees wanneer Moslemverkopers vir Christene dubbel die normale prys vir basiese goedere vra.

Nadat hulle vir meer as vier jaar in Gashua gewoon het, het die egpaar besluit dat dit nodig is dat hulle in Jos moet wees weens die agteruitgang in Felicia se gesondheid. Hulle bly egter verbind tot hulle werk in Gashua, so Elijah reis op en af om sy bediening te handhaaf. "Ons volstaan by ons besluit dat dit beter is om te sterf in die stryd vir God as om te sterf as 'n lafaard," het Elijah gesê. "Ek dank God vir my vrou, wat altyd ondersteunend is. Sy sal eerder sterf as om buite God se wil te op te tree."

Omdat hy God se hand van leiding na Gashua ervaar het, is Elijah toegewy om te bly totdat God hom elders lei. Trouens is hy gevra om 'n ander kerk te oorsien, maar hy het dit van die hand gewys omdat hy nie God se leiding daarvoor gehad het nie. "Ons sal voortgaan totdat ons sterf," het hy gesê. "Tensy ek Sy stem hoor wat sê dit is tyd vir ons om te vertrek, sal ons voortgaan." ●

# Getuig in Gevangenskap



**P**astor Emmanuel Maigairi het pas klaar gebid saam met sy vrou en skoonma op die aand van 27 Februarie 2021, toe die geluid van geweervuur buite hul huis in Nigerië se Kaduna-staat, uitbreek het. Binne minute het byna drie dosyn Islamitiese Fulani-militante by die huis ingebars.

Die militante het die gordyne van die vensters afgeruk en dit gebruik om Emmanuel, sy vrou, Ladi, en sy skoonma vas te bind en te blinddoek. Die aanvallers het toe hulle fone gevat en 'n boks gegryp waarin geld van die pastor se kerk was.

"Jy gaan swaarkry in die bos," het die groep se leier gesê, "en as ons wil, sal ons jou doodmaak."

Maar Emmanuel is nie deur die militante se bedreiging afgeskrik nie. "Ek het myself aan God oorgegee," het hy vrymoedig gesê, "en ek is gereed om te sterf."

Die mans het toe hulle gevangenes in die bos ingelei.

## Onveilig by die Huis

Die ontvoering van Emmanuel en sy familie is maar een van baie wat in die noorde van Nigerië in onlangse jare plaasgevind het. Etlike duisende is in 2021 in die Kaduna-staat ontvoer, en Frontlinie-Werkers verwag dat die getal selfs hoër sal wees hierdie jaar.

"Dit is nêrens meer veilig in die noorde van Nigerië nie," het 'n Frontlinie-Werker gesê. "Mense kan nie meer vrylik rondbeweeg nie, want ontvoerings neem toe. Mense is nie eers veilig in hul eie huise nie en mense word elke dag getraumatiseer deur die onophoudelike ontvoerings." Net weke voor die ontvoering van Emmanuel en sy gesin, het die militante die pastor se vorige huis aan die brand gesteek in 'n aanval op sy dorpie.

Soos wat die militante hul gevangenes dieper in die bos ingelei het, het Ladi se ma hul vordering begin vertraag. Emmanuel het die mans gesmeek om haar te laat gaan, maar hulle het geweier. Hulle het meer en meer gefrustreerd geraak met haar stadige pas en toe het een van die ontvoerders haar op die kop geslaan met die kolf van sy geweer en 'n ander het haar aan die agterkant van haar nek met 'n kapmes gesny en haar daar gelos om dood te gaan.

Ongeveer 'n uur en 'n half later het die militante besluit dat Ladi ook misbaar is. Alhoewel hulle aanvanklik bespreek het om haar dood te maak, het hulle haar uiteindelik vrygelaat en vir haar gesê hoe om haar pad huis toe te vind. Ladi se ma, wat vroeër agtergelaat is, het ook die vuurproef oorleef.

Emmanuel het aangestap, onseker of hy ooit weer sy gesin sal sien.

### In die Ontvoerders se Kamp

Nadat hy ure lank gestap het, het Emmanuel uiteindelik by die ontvoerders se kamp gearriveer waar hy die moeilikste maand van sy lewe begin het. Hy is deur die dag vasgebind, geblinddoek en deur gewapende militante bewaak. In die nag moes hy en ander ontvoeringsslagers op die grond slaap waar maaiers rondom hul hande en voete gekruip het.

“Ons ontvoerders het gereeld dorp toe gegaan en koeldrank in plastiekbottels gekoop,” het Emmanuel gesê. “Ons sou hulle smee vir die leë bottels en dit dan as kussings gebruik sodat die wurms nie in ons ore kan inklim nie.”

Emmanuel se ontvoerders het hom dikwels geslaan, soms so erg dat ander in die kamp gevrees dat hy vermoor word. Die militante het sy ribbes in sy regtersy en 'n vinger aan sy linkerhand gebreek en hom met 'n kapmes op sy lae rug gesny.

“Die pakslae was 'n gedwonge ding,” het hy gesê. “Op Sondag het hulle my geslaan omdat ek 'n pastor is. Daar was 'n dag wat hulle my sien bid het en my amper doodgeslaan het. Ek het nie eers geweet dat ek flou geword het nie. Na drie dae het ek gehoor hoe sommige van die ander gevangenes agter ons hut gesels. Hulle het gesê hulle het gedink ek is dood weens die pakslae. Hulle het gesê die feit dat ek oorleef het 'n bewys is dat daar 'n God is.”

Die militante het 5 miljoen naira, of sowat \$12 000, van Emmanuel se familie geëis en gedreig om hom dood te maak indien hulle nie sou betaal nie. Hulle het Emmanuel en die ander gevangenes na 'n beenwerf geneem om hulle te wys wat sou gebeur as hulle lospryse nie betaal word nie.

Die gevangenes het tussen die bene die skelet van 'n 3 maande oue baba gesien. Die militante het gespog dat hulle die baba geskiet het terwyl sy ma hom op haar rug gedra het. Hulle het beweer dat hulle die kind se oë

verwyder het en aan sy pa gestuur het.

Emmanuel se ontvoerders het hom met soortgelyke gruweldade gedreig indien sy familie nie aan hul eise voldoen nie. Maar Emmanuel was onaangeraak. “As God sê dat ek hier sal sterf, dan sal dit my lot wees.” het hy vir hulle gesê.

“As God sê ek sal lewe, dan sal ek lewe.”

Emmanuel het God vertrou om hom te onderhou deur alles wat die militante beplan. “Ek het geloof gehad dat God saam met my daar was,” het hy gesê. “Ek het gedurig gebid. As dit nie vir God se hulp was nie, sou hulle my doodgeslaan het. As dit nie vir God se genade was nie, sou ek gesterf het.”

Emmanuel is uiteindelik na 'n maand en 'n dag in die militante se kamp, vrygelaat. Hy het gehuil van blydskap soos wat sy blinddoek verwyder is en sy oë geleidelik by die lig begin aanpas het.

### Steun op God

Na sy vrylating het Emmanuel verneem dat sy gesin se ontvoering deur die leier van sy dorp gereël was. Hy het steeds gehoop om Emmanuel se Christelike getuienis stil te maak.

“Hy hou nie daarvan om die Evangelie te hoor nie,” het Emmanuel verduidelik. “Hy het gedink dat die ontvoering van 'n pastor vir hom goeie geld sou bring.”

Die gemeenskapsleier is gearrester, maar hy is net vir twee maande aangehou. Emmanuel het intussen sy pastorale pligte in dieselfde gemeenskap waar hy en sy gesin aangeval en ontvoer is, hervat; hy weet sy gemeenskap het die Evangelie nodig.

▼ Ladi en Emmanuel is dankbaar dat hulle hierdie vuurproef oorleef het en sit hulle bediening aan die kerk in Nigerië voort.



“Daar was 'n dag wat iemand my gevra het om my stasie te verlaat as gevolg van dit wat gebeur het,” onthou Emmanuel. “Ek het gesê: ‘As ek daar sou weggaan, watter pastor sal in hierdie gemeenskap wil bedien? As ek dit kan verduur, sal dit 'n voorbeeld vir ander wees.’”

Emmanuel het soms gesukkel met vrees sedert sy ontvoering en maandelange aanhouding. Maar hy neem bemoediging uit Psalm 23 en vertrou dat God vir hom sal sorg, selfs al word hy weer vervolgt.

“As ek 'n geweskoot hoor, word ek bang,” het hy gesê. “Dit is asof daardie dag van voor af weer aanbreek. Maar wanneer dit gebeur, bid ek. Ek is afhanklik van God. Ek weet dat vervolging deel is van die Christelike lewe.

Ons wat Christene is sal ly. As hierdie dinge nie met ons gebeur nie, kan die Bybel nie in vervulling kom nie.”

Emmanuel is onlangs na 'n ander kerk oorgeplaas, maar hy sien nog steeds sy ontvoerders af en toe. Verbasend genoeg voel hy nie bang of kwaad wanneer hy hulle sien nie. “Al wat ek kan doen is om te bid dat God hulle sal aanraak,” het hy gesê. “Vergewensgesindheid teenoor hulle is belangrik, omdat God my vergewe het. As ek God ken, as ek weet wie Jesus Christus is, moet ek hulle vergewe.”

Emmanuel se boodskap vir sy broers en susters in Christus regoor die wêreld is dieselfde waarheid wat hom gedurende daardie lang dae in die militante se kamp deurgedra het: “Steun op God in elke situasie.” ●

# Gebedsdagboek

September/Oktober 2022

## SEPTEMBER

- S 18 SRI LANKA** Bid vir diegene wat pastors oplei en toerus.
- M 19 MALI Bid vir Hadijatou wat weens haar geloof in Christus deur haar familie vervolg is.
- D 20 ETIOPIË Bid vir Christenleiers uit Moslemagtergronde wat hulle lewens in gevaar stel om die Evangelie te deel.
- W 21 KATAR Bid vir diegene wat die Evangelie deur middel van Arabiese Christennetwerke en -webtuistes hoor.
- D 22 BROENEI Bid vir Ivan, pastor van een van die paar ondergrondse kerke.
- V 23 BAHREIN Bid vir suksesvolle pogings om die Skrif onder plaaslike soekers te versprei.
- S 24 VAE\*** Bid vir die bemoediging en moedigheid van plaaslike Gelowiges wat in die geheim aanbid.
- S 25 PAKISTAN** Bid dat Gelowiges sal verstaan wie hulle in Christus is en nie onbeskaamd vir die Evangelie sal wees nie.
- M 26 NIGERIË Bid dat God Christene in Maiduguri-staat uit die hande van Boko Haram-huursoldate sal vrylaat.
- D 27 SOMALIË Bid vir Christene wat onlangs in Somaliland gearresteer is en bid ook vir hulle families.
- W 28 LAOS Bid vir die wysheid van Christenwerkers wat dikwels onder groot gevaar verkeer.
- D 29 MAROKKO Bid vir eenheid onder Christene in Marokko.
- V 30 IRAK Bid vir Broer N., 'n Koerdiese leier in sy 60's, wat wreed geslaan is en sy bediening voortsit.

## OKTOBER

- S 1 KUBA** Bid vir suksesvolle Bybelverspreiding wat moeilik en soms onwettig is.
- S 2 MIANMAR** Bid vir pastors en Gelowiges in die Wa-streek wat toenemende vervolging en gevangenskap trotseer.
- M 3 INDONESIA Bid dat Cut Fitri met haar kinders kan herenig wat weggeneem is toe sy Islam verlaat het.
- D 4 ERITREA Bid vir Eritrese Gelowiges in Tigray wat moes vlug of deur die weermag ingeneem moes word.
- W 5 BAHRAIN Bid vir Michael wat vir sy familieledede wegkruip wat hom probeer seermaak.
- D 6 DJIBOETI Bid vir Christenbekeerlinge uit Islam wat druk en vervolging van hulle gemeenskappe trotseer.
- V 7 AZERBEIDJAN Bid vir Frontlinie-Werkers wat diegene in klein stede en dorpe bereik.
- S 8 MAURITANIË** Bid vir die herroeping van lasterwette wat die doodsvonniss tot gevolg het vir voormalige Moslems.
- S 9 ISRAEL** Bid vir jong Gelowiges van Ortodokse Joodse agtergronde en met min opvoeding wat hulle lewens probeer hervat.
- M 10 TANZANIË Bid dat Christene in oorwegend Moslemgebiede moedige en dapper getuies sal wees.
- D 11 BROENEI Bid dat geregistreerde kerke guns sal vind by die regering en hulle bure.
- W 12 SAOEDI-ARABIË Bid dat die asielsake van vervolgte Christene bespoedig sal word.
- D 13 KATAR Bid vir die stigting van 'n inheemse kerk in Katar.
- V 14 MEXICO Bid vir plaaslike leiers wat wette toepas waaronder pastors en kerkleiers gevange geneem kan word.
- S 15 VIËTNAM** Bid vir diegene wat Bybels versprei in gebiede wat streng deur die regering beheer word.

\*VERENIGDE ARABIESE EMIRATE

Teken in op ons GRATIS maandelikse Nuusbrief: Besoek [www.persecutionsa.org](http://www.persecutionsa.org)

**VIR DONASIES OF BYDRAES - Christelike Sending Internasionaal Bankbesonderhede:**

Nedbank

Rek nr.: 1925-024946 (Tjek)

Takkode: 192505 (Bedfordview)

Standard Bank

Rek nr.: 02-249-5592 (Tjek)

Takkode: 018305 (Bedford Gardens)

ABSA Bank

Rek nr.: 909-861-7711 (Spaar)

Takkode: 632005 (Bedford Centre)

CSI | Posbus 7157, Primrose Hill, 1417 Suid-Afrika | Kantoor Tel: 010 777 0114 (8vm-1nm) | Kantoor Sel: 076-022-3336 (8vm-5nm)  
E-pos: [cmi@vomsa.org](mailto:cmi@vomsa.org) of [bianca@vomsa.org](mailto:bianca@vomsa.org) | Webtuiste: [www.persecutionsa.org](http://www.persecutionsa.org) | Facebook@cmivomsa | Instagram@cmi - vomsa

Direkteure: Mnr A.B. Illman (Uitvoerend); Pastor R. Marsh; Mnr R. Keir;  
Pastor J. Tucker; Mnr D. Kirton; Mnr C. Hutchinson

© Toestemming vir die herdruk van enige gedeelte van hierdie nuusbrief moet van Christelike Sending Internasionaal aangevra word.

[www.persecutionsa.org/donate](http://www.persecutionsa.org/donate)